Fokus teks: Filippense 4: 6-7, 2022.
Liedere: VONKK 303: 1-3; Gesang 190: 1-3; Gesang 433: 2-4; VONKK 38: 1-3; Psalm 84: 1-2.

---

## AANKONDIGINGS:

- Baie geluk aan ons gemeentelede wat hierdie week verjaar! Maandag 7 September vier Chené Barnard haar verjaardag, gevolg deur Nico du Plessis Sr. op Dinsdag 8 September. Op Donderdag 10 September is dit Elanie van Staden se verjaarsdag. Saterdag 12 September vier ons Elizabeth Janse van Rensburg en Drean Pretorius Jr. Se verjaarsdag. Mag elkeen van julle ’n besondere verjaarsdag en ’n jaar vol God se genade, liefde en seën beleef.

## LIEF & LEED:

- Ons het die volgende boodskap van Hannie White ontvang: “*Goeie dag. Het vandag weer begin met behandeling by Onkoloog. Moet vir die volgende 12 weke weer drips kry. ‘n Maand rus en dan weer die volgende stappe, wat ook al.*” Die gemeente dink en bid vir Hannie en al haar geliefdes.

---

## KLOK:

Die kerkklok beier raak stil as simboliese uitnodiging om stil te word en ons aandag op God te rig. Die klok herinner ons daaraan dat ons nie bloot na 'n byeenkoms toe kom nie, maar dat ons as gemeente saamgeroep word om God te ontmoet, na sy Woord te luister en ons geloof saam te vier. Laat die klok wat lui daarom vir ons 'n eenvoudige herinnering wees: God roep ons – kom ons antwoord.

## TOETREDE: VONKK 303: 1-3 ~ Hoor die blye tyding

## VOTUM:

Hemelse Vader, U heers op u troon, U is ook oral waar ons woon. Dit is ons troos as ons twyfel of vrees: U sal ons God vir ewig wees.

## SEËN:

Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel". Amen.

---

## LOFSANG: Gesang 190: 1-3 ~ Groete God, aan U die eer

## WIL VAN GOD: 'n Lewende hoop en egte geloof.

Die wil van God is nie dat ons deur die lewe gaan sonder seer, teleurstelling en moeilike dae nie. 1 Petrus 1:3-9 herinner ons juis daaraan dat geloof en lyding dikwels langs mekaar bestaan. Petrus skryf aan mense wat weet wat dit beteken om swaar te kry, maar hy begin nie by hulle seer nie. Hy begin by God se groot genade en by die lewende hoop wat ons deur die opstanding van Jesus Christus ontvang het. Daarom sê hy in vers 6: "*Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings*" Dit is 'n besondere perspektief: die seer is werklik, maar dit is nie die laaste woord nie.

Jürgen Moltmann het beklemtoon dat hoop sigbaar word in die manier waarop gelowiges vandag leef. Christelike hoop is dus nie 'n wens oor wat eendag dalk kan gebeur nie. Hoop verander die manier waarop ons vandag leef.

---

Ons hier en nou word nie net deur ons verlede bepaal nie; ons word ook gevorm deur die toekoms wat ons saam met God tegemoetgaan. Daarom hou ons vas. Daarom bly ons bid. Daarom staan ons weer op wanneer die lewe ons onderkry.

Petrus herinner ons daaraan dat daar vir gelowiges vreugde kan wees, selfs wanneer daar seer is. Dit beteken nie dat ons ons pyn ontken of maak asof alles goed gaan nie. Dit beteken dat ons in die middel van die storm steeds iets het waaraan ons kan vashou: *God is daar, Christus leef, en ons toekoms is veilig in sy hande*.

Miskien is dit juis wat Petrus met ons wil doen: om ons geloof deur die vuur sterker te laat word. 'n Geloof wat reeds geskud is, sal nie maklik weer geskud word nie. Die beproewing vernietig nie noodwendig geloof nie; soms suiwer dit geloof. Die wil van God is daarom nie 'n lewe sonder storms nie, maar 'n geloof wat in die storms leer om vas te hou aan die God wat ons hoop gee.

## GELOOFSBELYDENIS: Gesang 433: 2-4 ~ Kom, Skepper-Gees, kom gee ons seën.

## PREEK:

Vandag is ons derde en laaste preek in die kort reeks oor gebed. Ons het dit reeds met mekaar uitgeklaar dat daar nie net een manier van bid is nie. Gebed is broodnodige kommunikasie met God en het vele fasette. Ons het nêrens probeer om voorskrifte vir 'n sogenaamde volmaakte gebed te gee nie. Ons het bloot die Bybel gelees en gedagtes oor gebed op die tafel gesit, daaroor gedink, daaroor gepraat en sommige daarvan in ons gebedslewe geïmplementeer.

Ons eerste gedagte was dat ons God altyd eerste moet stel. Gebed gaan oor God en daarom moet lof en aanbidding die fokus van gebed wees. Ons moet daarteen waak dit ons gebed altyd net 'n soort van inkopielys word. Dinge vra wat ons graag wil hê, nie noodwendig God se wil nie.

---

Die tweede gedagte was: ons moet besef dat tydens gebed ons met die almagtige God praat, ons beweeg op heilige grond, in heilige teenwoordigheid. Daarom moet daar die nodige tyd gegun word, die nodige respek betoon word.

En vandag maak ons ons Bybels oop en ons lees 'n gebed van Paulus. Paulus se gebed vir die gemeente in Filippense. Hy skryf dié brief vanuit die gevangenis aan die eerste gemeente wat hy op Europese bodem gestig het. Aan die einde van hierdie brief, tussen al die oproepe tot vreugde vind ons hierdie kort gebed van Paulus wat ons soveel leer van gebed.

Lees saam met my uit Filippense 4: 6-7, ons lees uit 'n 2022 vertaling van die teks. Stephan Joubert, prof. In Nuwe Testament, vertaal die oorspronklike Griekse teks vir ons in verstaanbare Afrikaans:

"*Moenie bekommerd wees oor enige iets nie. Bid altyd en oral. Smeek God en dank Hom. Doen dit terwyl julle alles*

---

*wat julle nodig het, bekendmaak aan Hom. Dan sal God se vrede julle harte en julle gedagtes beskerm. Hy sal dit doen deur Christus. Hierdie vrede is so groot dat julle dit nie met julle verstand kan uitredeneer, of in woorde kan uitdruk nie.*"

In hierdie twee verse kry ons antwoorde op die vrae: *Hoe bid ek?* & *Wat bid ek?*

<u>Hoe bid ek?</u> Eerstens sê Paulus, wat hierdie gebed uit die tronk skryf: *Bid sonder om oor enige iets bekommerd te wees*. Aangrypend! Ons kan nie vir Paulus sê jy kan maklik praat nie, want dit gaan baie sleg op hierdie stadium van Paulus se lewe en boonop omdat hy getrou is aan sy Goddelike roeping. Hy is in die tronk oor wat hy preek en leef. Hy moes ook onseker oor sy toekoms gewees het. Genoeg rede om hom te bekommer!

Paulus besef jy kan nie tegelyk twyfel en glo nie. Dit is die een of die ander. Bekommernis het die manier om jou doof te maak vir die Woord van God. Bekommernis het

die manier om jou blind te maak vir die nabyheid van God. Bekommernis het die manier om jou lam te maak vir die wil van God. Wanneer ek vasgevang word in bekommernis raak ek verbitterd en dit lei tot geestelike en emosionele dood. Bekommernis kan selfs ly tot fisieke dood.

Met die skryf van hierdie preek dwaal my gedagtes na die Bergrede in Matteus 6. Ek deel graag met julle 'n paar aanhalings:

- Ek (Jesus) sê vir julle, as julle God dien, hoef julle glad nie bekommerd te wees oor die alledaagse lewe ...
- Julle wat julleself so bekommer, sal dit julle in staat stel om 'n paar sekondes langer te leef?
- Nou, vir wat bekommer julle julle oor klere?
- Julle het geen rede om julle so te bekommer nie.

Bekommernis vat ons hoop, geloof en fokus weg van God af. Dit maak ons doof, blind en lam vir God en Goddelike Roeping.

---

Paulus leer dat ons in ‘n gees, ‘n milieu, ‘n atmosfeer van geen bekommernis moet bid. Hy sê dit help ons fokus op God. Bekommernisse maak dat ons nie meer bid: laat U wil geskied nie. Wanneer bekommernis in my en jou lewe oorneem, kan dit ons gebed so verwoes dat ons later nie meer bid, wil bid of kan bid nie.

Hoor ons dit? *Moenie bekommerd wees oor enigiets nie!*

Dan lees ons hierdie kort en kragtige sinne van Paulus verder. Hy vertel steeds hoe ons moet bid: *Bid altyd en oral.*

Wanneer Paulus sê “Bid altyd en oral”, bedoel hy nie dat 'n mens letterlik 24 uur per dag met geslote oë en gevoude hande moet sit nie. Dit gaan eerder oor ’n lewenshouding van voortdurende verbondenheid met God.

“Bid ALTYD”

---

Om altyd te bid beteken dat gebed nie net iets is wat ons doen wanneer ons in die kerk is, voor ons gaan slaap of wanneer ons in die moeilikheid is nie. Paulus roep gelowiges op om God voortdurend deel te maak van hulle lewe.

Gebed word dan soos asemhaling: ons bring ons lofprysing, vreugde, bekommernisse, besluite, vrese, dankbaarheid en vrae telkens na God toe. Wanneer iets goed gebeur, sê ons: "Dankie, Here." Wanneer ons onseker is: "Here, wys my die pad." Wanneer ons bang is: "Here, wees by my." Wanneer ons iemand ontmoet wat swaarkry: "Here, help my om ander te help." Dit beteken: ek leef my lewe in God se teenwoordigheid.

"altyd" beteken dat daar geen tyd is waar ek nie tot God kan bid nie!

"Bid ORAL"

"Oral" beteken dat daar geen plek is waar God nie teenwoordig is en waar gebid kan word nie. Hoor mooi: geen plek!

Paulus self is 'n wonderlike voorbeeld hiervan. Hy skryf Filippense vanuit gevangenskap (die tronk). Sy omstandighede is beperk, maar sy verhouding met God is nie beperk nie. Hy kan bid in die tronk, op reis, saam met ander gelowiges, alleen, in vreugde én in lyding.

Daarom hoef gebed nie noodwendig mooi woorde of 'n formele gebed te wees nie. Jy kan bid terwyl jy bestuur, stap, werk, wag, huil, lag of selfs wanneer jy nie weet wat om te sê nie.

"Bid altyd en oral" beteken dus: Moenie God beperk tot sekere tye, plekke of omstandighede nie. Leef só bewus van God dat elke oomblik 'n moontlike ontmoeting met God kan word.

---

En miskien is die diepste betekenis hiervan: Gebed verander nie altyd onmiddellik my omstandighede nie, maar dit verander die manier waarop ek binne my omstandighede leef. Dit is presies waarom Paulus vanuit 'n tronk oor vreugde, hoop, vrede en vertroue kan praat. Sy omstandighede het hom nie van God afgesny nie. Inteendeel — sy omstandighede het vir hom 'n plek geword waar hy God nog dieper leer vertrou.

In 1 Tessalonisense 3: 10 getuig Paulus dat hy *dag en nag* bid. In dieselfde brief, hoofstuk 5 vers 17 sê Paulus: Bid aanhoudend sonder om moeg te word.

Op Sondag 4 Oktober, as die Here wil, sal ek hierdie preek klaarmaak as ons dan praat oor wat moet ons bid. In hierdie gebed sê Paulus: smeek, dank, maak alles aan God bekend. Hy sluit ook af met ‘n belofte van vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Na vandag, as ek oor gebed dink, voor ek bid, onthou ek:

- Moenie oor enige iets bekommerd wees nie.

- Bid altyd & oral

Amen.

## GEBED:

## SLOTSANG: VONKK 38: 1-3

## SEËN:

Heer, wees ons genadig. Amen.

## WEGSENDING: Psalm 84: 1-2